STATUS-MARK
PROPERTY MANAGEMENT EIENDOMBESTUUR

11 MEYER ST.
MOSSELBAAI / BAY
E-mail: info@status-mark.co.za
Website: status-mark.co.za

567
MOSSELBAAI / BAY
6500
(044) 691 3054
(044) 691 1520

# NOTULE

## BLUE RIDGE HEV (101)

**NOTULE VAN DIE TRUSTEE VERGADERING VIR BLUE RIDGE HEV WAT GEHOU IS OP WOENSDAG 14 JULIE 2021 OM 09H00 PER ZOOM**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | **Konstituering** | |
| | | |
| | 'n Wettige kworum is teenwoordig. | |
| | | |
| 2 | **Opening** | |
| | | |
| | Die Voorsitter open die vergadering. | GG |
| | | |
| 3 | **Verwelkoming** | |
| | | |
| | Die Voorsitter heet almal welkom. | GG |
| | | |
| 4 | **Presensie: Teenwoordig & verskoning** | |
| | | |
| | Teenwoordig:<br>Mnr G Germishuizen – Voorsitter<br>Me A Kruger<br>Mnr P Myburgh<br>Mnr L Neveling<br>Mev L Stevens<br><br>Mev R Moore (Status Mark)<br>Mev T Brown (Status Mark)<br><br>**Verskoning:**<br>Mev R van Huyssteen | <br>GG<br>AK<br>PM<br>LN<br>LS<br><br>SM<br>SM<br><br><br>RvH |
| | | |
| 5 | **Mnr Huig Wijtman (Danabaai bewarea) – beskerming van wild & natuur** | |
| | | |
| | Die Voorsitter sal Mnr Wijtman uitnooi om die Komitee toe te spreek sodra die grendeltydperk verstreke is en die vergadering fisies bygewoon kan word. | GG |
| | | |
| 6 | **Mosies van lief en leed** | |
| | | |
| | Geen items nie. | |
| | | |
| 7 | **Goedkeuring van vorige notule: 2 Junie 2021** | |
| | | |
| | Die notule soos voorgehou word eenparig goedgekeur. Die Voorsitter sal die notule onderteken waarna dit aan die eienaars gesirkuleer kan word asook op die webtuiste geplaas word. | GG |



Willem & Antoinette Prinsloo
*'We put the PRO in PROperty Management'*

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| **8** | **Sake voortspruitend uit die vorige notule:** | | |
| | | | |
| | **8.1** | **Vertaling van dokumente** | |
| | | | |
| | | Die item is afgehandel. | **AFGEHANDEL** |
| | | | |
| | **8.2** | **Brandtoerusting** | |
| | | | |
| | | A Kruger bevestig dat geen inspeksie deur die brandweer nou gedoen sal word nie weens die feit dat daar brandweer personeel Covid onderlede het. Hierdie item staan oor tot die volgende vergadering. | **STAAN OOR** |
| | | | |
| | **8.3** | **Planne vir kantoorgebou** | |
| | | | |
| | | Hierdie item staan oor tot die volgende vergadering. | **AK/LN** |
| | | | |
| | **8.4** | **Bulk watermeter - munisipaliteit** | |
| | | | |
| | | Die lesings van die huise en die bulkmeter lesing verskil weens die feit dat die 6kl gratis water nie afgetrek is van die lesings nie. Dit is 'n voordeel wat kom en gaan gebaseer op die Munisipale regulasies.<br>**<u>Die Komitee besluit eenparig as volg:</u>**<br>1. Die 6kl gratis water word vanaf 1 Julie 2021 geïmplementeer.<br>2. Status Mark sal die excel spreiblad opdateer met die korrekte verhaling per kilolitre asook die gratis 6kl water in die formule byreken.<br>3. Status Mark sal die nuwe tariewe vanaf 1 Julie 2021 van die munisipaliteit kry. | **KOMITEE**<br>**SM**<br>**SM**<br><br>**SM** |
| | | | |
| | **8.5** | **Kantoorgebou - teëls wat oplig** | |
| | | | |
| | | Die aangeleentheid is nie nou 'n dringende prioriteit nie. Die item staan oor tot die volgende vergadering. | **STAAN OOR** |
| | | | |
| | **8.6** | **Oop & toemaak van heining - opsies** | |
| | | | |
| | | Die Voorsitter bevestig dat die heining oorgedoen is en aan die estetika van Blue Ridge voldoen. Status Mark word versoek om die kostes van die 1ste heining aan die Voorsitter aan te stuur. Daar is 'n opening gelaat vir die bokke om vrylik in en uit Blue Ridge te kan beweeg. Die item is afgehandel. | **SM**<br><br>**AFGEHANDEL** |
| | | | |
| | **8.7** | **Huisnommers** | |
| | | | |
| | | Die huisnommers sal in die volgende nuusbrief vervat word waarin eienaars versoek sal word om hul huisnommer aan te bring vir identifikasie doeleindes. | **LS** |
| | | | |
| | **8.8** | **Suiderkruis – alarm paneel** | |
| | | | |
| | | Die Komitee is nie tevrede met die diens ontvang van Suiderkruis Sekuriteit nie. Die alarm paneel in die kantoorgebou is vir geruime tyd buitewerking en die koste ontvang van Suiderkruis om die paneel te laat herstel is nie die moeie werd nie. | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | **Die Komitee besluit eenparig as volg:**<br>1. Suiderkruis Sekuriteit se dienste moet gekanseleer word. 'n Kalender maand kennis mag dalk nodig wees.<br>2. Status Mark sal Suiderkruis Sekuriteit dienooreenkomstig in kennis stel. | **SM**<br><br>**SM** |
| | | | |
| | **8.9** | **Sekuriteitskameras - kwotasies** | |
| | | | |
| | | Daar is verskeie kwotasies ingewin vir kameras as volg:<br>• DBS Sekuriteit – R194 768.00 (btw uitgesluit)<br>• WiMation – R211 246.68 (btw uitgesluit)<br>• Niqua Sekuriteit – R108 317.20 (btw uitgesluit)<br>• Intellisec – R672 626.19 (btw uitgesluit)<br><br>Kwotasies van 2 elektrisiëns is ook verkry naamlik:<br>• Henning elektries – R13 185.00<br>• P Van Greunen – R13 900.00<br>Daar sal ook 'n addisionele koste van die Munisipaliteit wees om die koopkrag meter te installeer. (Mnr van Greunen sal dit hanteer).<br><br>R van Huyssteen stel voor dat die kwotasie van Wi Mation vir 'n koste van R171 000 om die Noordelike en Oostelike grense te beskerm aanvaar word agv die feit dat hulle heelwat groter Estates in die Tuinroete Omgewing al gedoen het en ook besig is met Moquini.<br>En dan ook dat ons Mnr Van Geunen gebruik as elektrisiën agv van sy jare ondervinding in die bedryf en die feit dat Arno Lombard hom ook aanbeveel het.<br><br>**Die Komitee besluit eenparig as volg:**<br>1. Die kwotasie van WiMation vir koste van R170 000 word deur die Komitee goedgekeur.<br>2. R van Huyssteen en L Stevens sal WiMation dienooreenkomstig in kennis stel van die kwotasie wat goedgekeur is asook versoek dat 'n skriftelike kontrak voorsien word.<br>3. Van Greunen elektries word aangestel. | **KOMITEE**<br><br>**RvH/LS** |
| | | | |
| | **8.10** | **Hersien van Grondwet** | |
| | | | |
| | | Die Voorsitter bedank die Komitee lede vir hul tyd spandeer asook insette gelewer. Status Mark word versoek om ook 'n spesiale woord van dank aan Mnr Kobus Breyl, Mnr Gerhard van Zyl en Mnr Arrie van Huyssteen te rig vir hul tyd en insette gelewer.<br>**Die Komitee besluit eenparig as volg:**<br>1. Eienaars sal met die volgende nuusbrief in kennis gestel word van die Grondwet wat hersien is en aan eienaars gesirkuleer sal word om insette te lewer.<br>2. Status Mark moet die Komitee notule van 2 Junie 2021 tesame met die hersiende Grondwet aan eienaars sirkuleer.<br>3. Eienaars word 2 weke vanaf datum wat Grondwet gesirkuleer is gegun om insette te lewer.<br>4. Nadat alle insette ontvang is, sal die hersiende Grondwet na 'n regskundige verwys word. | **SM**<br><br>**LS**<br><br>**SM**<br><br>**EIENAARS**<br><br>**KOMITEE** |
| | | | |
| **9** | **Versekering** | | |
| | | | |
| | **Gemeenskaplike eiendom**<br>Onderskrywer – Hollard | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Makelaar – Insure<br>Versekerede bedrag – R1 747 698.00<br>Gemeenregtelike aanspreeklikheid – R1 000 000<br>Sambreel aanspreeklikheid – R20 000 000<br>Maandelikse premie – R750.45<br><br>**<u>Getrouheidsdekking</u>**<br>Onderskrywer – CIA<br>Makelaar – Insure<br>Versekerde bedrag – R751 000.00<br>Maandelikse premie – R216.48 | | |
| | | | |
| **10** | **Finansies** | | |
| | | | |
| | **10.1** | **Bestuurstate – Junie 2021** | |
| | | | |
| | | Die Bestuurstate soos voorgelê word deur die Komitee goedgekeur. | **SM** |
| | | | |
| | **10.2** | **Bank balanse** | |
| | | | |
| | | Die bank balanse soos op 2 Julie 2021 as volg:<br><br>Tjek rekening – R51 611.48<br>Bou deposito – R95 230.47<br>Reserwe fonds – R874 412.31<br>Kleinkas – R214.63<br>TOTAAL = R1 021 468.89<br><br>Die Voorsitter versoek dat die vooruit ontvangde heffings en bou deposito aangedui word. | **SM** |
| | | | |
| | **10.3** | **Uitstaande heffings** | |
| | | | |
| | | Die totale uitstaande heffings beloop R12 830.37 Daar is 9 eienaars tans uitstaande waarvan 1 eienaar aan Herbie Oosthuizen prokureur oorhandig is vir invordering. Status Mark volg voortdurend op met die betrokke eienaars. | **SM** |
| | | | |
| **11** | **Argitektonies** | | |
| | | | |
| | **11.1** | **Werfhekke – herwinbare plastiek** | |
| | | | |
| | | Hierdie item staan oor tot die volgende vergadering. | **STAAN OOR** |
| | | | |
| **12** | **Sekuriteit** | | |
| | | | |
| | Verwys na punt 8.9 van die notule. | | |
| | | | |
| **13** | **Infrastruktuur** | | |
| | | | |
| | Daar is geen items vir bespreking nie. | | |
| | | | |
| **14** | **Instandhouding & tuine** | | |
| | | | |
| | **14.1** | **Groen area - rommel** | |
| | | | |
| | | Hierdie aangeleentheid sal in die volgende nuusbrief vervat word. | **LS** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | Geen Rommel mag in die groen area gestort word nie. | |
| | | | |
| | **14.2** | **Uilhuis** | |
| | | | |
| | | Die Voorsitter bevestig dat 'n uilhuis weer opgerig sal word. | **KOMITEE** |
| | | | |
| | **14.3** | **Omgewingbestuursplan ("Environmental Management Plan")** | |
| | | | |
| | | Daar moet 'n Sub Komitee saamgestel word om die Omgewingbestuursplan vir Blue Ridge op te stel. Die item sal by die volgende vergadering hanteer word. | **KOMITEE** |
| | | | |
| | | | |
| **15** | **Personeel** | | |
| | | | |
| | A Kruger bevestig dat die werker, Killer, aansoek gedoen het vir permanente burgerskap. Sodra die permanente burgerskap verkry is asook SA ID dokument, sal Status Mark toesien na die registrasie van Werklooshheidversekering en "Workmens compensation". | | **AK**<br>**SM** |
| | | | |
| **16** | **Algemeen** | | |
| | | | |
| | **16.1** | **Webtuiste** | |
| | | | |
| | | Mnr Wanzenburg van Wyk,gewese eienaar by Blue Ridge, wie verantwoordelik is vir die bestuur van Blue Ridge se webtuiste, het aan die Komitee 2 opsies voorsien om inligting beskikbaar te stel aan eienaars en aan die publiek. Mev T Brown van Status Mark noem aan die vergadering dat Omnivision 'n 3de party is wie ook genader kan word om 'n kwotasie te voorsien vir die bestuur van die webtuiste asook oplaai van dokumente en beskerming van sekere dokumente aan die publiek.<br>**<u>Die Komitee besluit eenparig as volg:</u>**<br>1. Status Mark moet 'n kwotasie van Omnivision kry en aan die Komitee sirkuleer. | **SM** |
| | | | |
| | **16.2** | **Nuusbrief** | |
| | | | |
| | | Die volgende nuusbrief sal op Woensdag 21 Julie 2021 aan eienaars gesirkuleer word. | **LS** |
| | | | |
| | **16.3** | **Gemeenskaplike watertenks – Blue Ridge** | |
| | | | |
| | | L Neveling bevestig dat die watertenks van Blue Ridge met "Nutec" toegemaak sal word teen volgende week. | **LN** |
| | | | |
| | **16.4** | **Bedanking van A Lombard** | |
| | | | |
| | | A Lombard het sy skriftelike bedanking ingedien weens die feit dat sy huis verkoop is en hy nie meer 'n eienaar by Blue Ridge is nie. Die Voorsitter sal Mnr D Cillie nader om uit te vind of hy beskikbaar sal wees om weer te dien op die Komitee. | **GG** |
| | | | |
| | **PRIVAAT – NIE PUBLIEKE INLIGTING NIE** | | |
| | | | |
| **17** | **Sake voortspruitend uit die vorige notule:** | | |
| | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 17.1 | **Toemaak van watertenk – nr 68** | |
| | | | |
| | | Hierdie item staan oor. | **STAAN OOR** |
| | | | |
| | 17.2 | **Ombudsman** | |
| | | | |
| | | Mnr Tertius Schoeman weier om enige dokumente aan die Komitee te voorsien wat by die Ombudsman ingedien was. Die saak gaan nie verder gevoer word nie en die item word as afgehandel beskou. | **AFGEHANDEL** |
| | | | |
| | 17.3 | **Lawaai met motor – nr 26** | |
| | | | |
| | | Status Mark word versoek om 'n skrywe aan die eienaar sowel as die agent te rig om die huurder aan te spreek oor die lawaai wat veroorsaak word deur die voertuig wat aanhoudend "gerev" word en dit 'n steurnis vir omliggende inwoners veroorsaak. | **SM** |
| | | | |
| | 17.4 | **Agendas & notules** | |
| | | | |
| | | Status Mark hoef nie twee aparte agendas en notules vir algemene sake en privaat sake te doen nie. Slegs een agenda en een notule vir beide kan saamgestel word en wanneer die notules aan die eienaars gesirkuleer word, kan die privaat gedeelte net uitgeblok word. | **SM** |
| | | | |
| **18** | **Datum van volgende vergadering** | | |
| | | | |
| | Woensdag 4 Augustus 2021 om 9h00 | | |
| | | | |
| **19** | **Afsluiting** | | |
| | | | |
| | Met geen verdere items om te bespreek nie sluit die vergadering om 10h15 af.<br><br>……………………………………………… ………………………………<br>Goedgekeur Datum | | |


Trustees (7):

| | | |
|---|---|---|
| Amanda Kruger | 076 143 7564 | amandagroenpunt@gmail.com |
| Gerrie Germishuizen | 083 413 5440 | germishg@gmail.com |
| Leon Neveling | 081 759 8510 | leonneveling3@gmail.com |
| Pieter Myburgh | 073 195 2521 | pwmyburgh@gmail.com |
| Louise Stevens | 083 294 1561 | louise6071@gmail.com |
| Reinet van Huyssteen | 081 347 8126 | reinetvh@telkomsa.net |


Datum uitgestuur: 16/7/2021